

**Donderdag 28 Julie**

**Skrifgedeelte: Openbaring 20:1-8**

**Fokusgedeelte: Openbaring 20:1-3, 7, 10 (AFR20)**

**Die slang sal finaal verslaan word, tot dan moet die evangelie verkondig word!**

Ons het gister gelees dat die skepping bevry sal word. Die bevryding van die skepping gaan gepaard met die beperking en finale vernietiging van die “slang” – Satan.

Openbaring 20 en die duisendjarige vrederyk word op verskeie maniere geïnterpreteer. Die a-millennialiste interpreteer die duisend jaar as simbolies. (Die “a” in a-millennialisme beteken ’n *afwesigheid van ’n letterlike millenium*). Satan se invloed is ingeperk – hy is gebind met Jesus Christus se hemelvaart. Daar is nou ’n tydperk waar die evangelie deur die kerk van Christus verkondig sal word en die nasies tot bekering kan kom.

Ná hierdie duisend jaar sal Satan vir ’n kort tyd weer vrygelaat word. Die tydperk wat hy vry sal wees, is egter deur God afgemeet en bepaal. Hierna sal Christus weer kom en die duiwel oorwin. Dan maak Hy die kinders van God in heerlijkheid bekend. Die skepping word dan vernuwe en die slang sal finaal saam met die demone en ongelowiges in die poel van vuur gewerp word.

Die wêreld beleef nou genadetyd, waar ons die evangelie oor die uiteindes van die aarde moet laat hoor, sodat God se kinders deur die Woord en Gees tot bekering geroep sal word. Hierdie genadetyd sal nie vir ewig aanhou nie. Daar kom ’n dag wanneer die tyd verby sal wees en God finaal sal oordeel.

Ons tyd om te bekeer, is min. Ons tyd om ons roeping as kerk van die Here uit te voer, is min. Die voleinding van die wêreld is naby. Die opdrag van ons Here Jesus is daarom so dringend: *“Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen”* (Matt. 28:19).

*Sing: Skrifberyming 40:1-7*

*Ds. GM Boersema (Marnix) (Graaff-Reinet)*